# WERKSDOKUMENT VAN DIE KERKRAAD VAN LEVUBU NED. GEREF. GEMEENTE I.S. KINDERNAGMAAL.

## HOE HET DIT GEBEUR DAT ONS NOU IETS GAAN DOEN WAT ONS NOG ALTYD VERWERP HET?

1.Om te kan verstaan van wat op die oomblik aan die gang is binne die Ned. Geref. Kerk met die beweging om nagmaal aan kleuters te bedien, moet begin word by die feit dat voor 1982 daar nie van so iets binne die Ned. Geref. Kerk enige sprake was nie. Vanaf die Ned. Geref. Kerk se bestaan in S.A. toe Jan van Riebeeck die Gereformeerde godsdiens uit Nederland aan die Kaap gevestig het in 1652 – was die geloofsoortuiging van die kerk dat jongmense alleen as volwasse gelowiges tot die nagmaal toegelaat kon word.

2. Die Ned. Geref. Kerk het van sy begin jare jongmense tot openbare belydenis van geloof begelei deur katkisasie in die geloofsbelydenisse van die kerk. Eers na 'n openbare belydenis van geloof is dooplidmate toegelaat tot die nagmaal.

3. Tot en met 1982 was daar binne die Ned. Geref. Kerk geen ander oortuiging in sy vergaderinge nie.

4. Bogenoemde feite word erken as waar deur die verslag van die ad-hoc kommissie vir kinderkommunie van die Algemene Jeugkommissie van 1990. Hierdie verslag is egter nooit aan gemeentes deurgegee nie.

5. Die kerklike gebruik om kinders eers te katkiseer en te onderrig om openbare belydenis van hulle geloof in die Evangelie af te lê, is nie maar net 'n lukrake en ongemotiveerde gebruik nie. Al die Hervormers het dit as deel van die ware Bybelse betekenis van die nagmaal geleer.

6. Van nagmaal sonder katkisasie en openbare belydenis van geloof, maar veral ook van katkisasie na die toelaat tot die nagmaal tot een of ander openbare belydenis na die nagmaal is daar geen sprake by die Hervorming nie.

7. Bogenoemde feite word erken deur die verslag van die ad-hoc kommissie van die AJK aan die Algemene sinode van 1990.

8. Die Hervormers was nie onbekend met die standpunt van kindernagmaal soos nou deur die sinode van Noord Transvaal ingeneem nie. Hulle het dit geken, maar dit as 'n geloofsdwaling verwerp.

9. Teenoor die redelik gebalanseerde verslag van 1990 het die AJK/ AKLAS 1994 in hulle verslae aan gemeentes die volgende wanpersepsies versprei:

* die kindernagmaal soos nou aan gemeentes voorgehou, is voorgestaan deur die Hervorming,
* die oortuiging om kinders eers na katkisasie en openbare belydenis van geloof tot die nagmaal toe te laat, is iets wat na die Hervorming gebeur het, die Hervorming het nie geloofsbesware teen die kindernagmaal gehad nie,
* die kindernagmaal is nooit deur die Hervormers as 'n dwaling verwerp nie.

Bogenoemde persepsies is gewoon leuens.

Die eerste verslag van die ad-hoc kommissie in 1990 het presies die teenoorgestelde uitgewys: die kindernagmaal soos nou voorgehou is nie deur die Hervorming beoefen nie.

Hierdie wanvoorstellings is as feite met die gesag van die Algemene sinode aan sinodes en gemeentes deurgegee. Aan die hand van hierdie wanpersepsies moes gemeentes dan besluit of hulle vir of teen die kindernagmaal is.

10. Die sinode van Noord Transvaal het hierdie leuens ook as waarheid aan sy vergadering voorgehou en dit as die waarheid verdedig teenoor die beskuldiging dat hierdie feite gewoon net leuens is.

11. Die ad-hoc kommissie van Noord Transvaal se sinode het ook ŉ baie doelbewuste poging geloods om die besluit vir kindernagmaal deur te voer, sonder om die sinode in te lig oor die Hervorming se standpunt teen die kindernagmaal soos nou voorgestel. Ds. Kriel het ŉ volledige uiteensetting van hoe die nuwe idee afwyk van die Gereformeerde standpunt aan die kommissie voorgelê. Hulle is versoek om hierdie inligting aan die vergadering deur te gee. Die kommissie het dit geweier – met die rede dat dit te veel inligting is vir die notule. Na druk het hulle toegegee om ŉ verkorte samevatting in die agenda op te neem.

Hierdie stellings is gewoon net met ŉ voorstel af gemaak dat die sinode net kennis moet neem van die stellings sonder dat een van die stellings bespreek of verdedig is. Die sinode is net gelei om die stuk te ignoreer sonder enige bespreking van die feite.

12. In ŉ persoonlike onderhoud met die voorsitter van hierdie kommissie, prof. Julian Muller het ds. Kriel hom gekonfronteer oor hoekom hulle so eensydige saak voorgelê het aan die afgevaardigdes. Sy reaksie was dat hulle as kommissie die reg het om hulle saak te bevorder soos hulle dit goed dink.

13. Op hierdie wyse het die sinode vir kindernagmaal gestem in die oortuiging dat dit die eintlike bedoeling en wyse was waarop die Hervorming die nagmaal verstaan het. Dat ons nou ŉ standpunt het wat die Hervorming as ŉ dwaling verwerp het, is vir die sinodegangers onbekend. Hulle is doelbewus van hierdie inligting vervreem – deur die kommissies van die sinode.

## WAT IS DIE GELOOFSAAK VAN KINDERNAGMAAL VOORSTANDERS?

14. Die voorstanders van die kindernagmaal was van die begin ŉ saak van leraars. Hierdie is nie ŉ saak wat deur lidmate aangevra of aangevoer was nie. Dit is ŉ saak wat dominees gedryf het en ingestel wou gehad het. Dit kom nie uit die gemeentes nie.

15. Die geloofsoortuiging van hierdie leraars klink so: ŉ kind wat deel is van God se verbond kan die nagmaal gebruik. Die toegang tot die nagmaal is nie meer deur ŉ geloofsbelydenis nie, maar net die feit dat ŉ kind deel van die verbond van die Here is. ŉ Kind wat gedoop is, het ook die reg tot die ander sakrament, die nagmaal. Dit is die standpunt van die sinode van Noord Transvaal: daar mag geen ouderdomsbeperking wees waarop ŉ ouer kan besluit dat sy kind aan die nagmaal kan deel neem nie.

16. Daar is ook nog 'n ander geloofsoortuiging: kindertjies het 'n " eksistensiële geloof " of 'n "kinderlike geloof". Hierdie kinderlike geloof is iets heeltemal anders as die geloof wat 'n jongmens bely wanneer hy belydenis van geloof aflê voor die gemeente. Dit is 'n geloof waar hy met Jesus en die nagmaal "identifiseer" sonder dat hy verstaan wat die geloof in Jesus is waarin jongmense gekatkiseer is en wat hulle openbaar bely.

17. Wat hierdie "eksistensiële geloof" se inhoud is, kan niemand regtig sê nie, maar dit is nie die kennis van en vertrou in die Evangelie soos bely in die Twaalf Artikels nie.

18. 'n Kind wat met Jesus kan identifiseer moet dus toegelaat word tot die nagmaal. Volgens die geleerdes was dit so by die 7 jaar oud, maar die sinode het besluit dit kan enige ouderdom voor 7 ook wees.

19. Die hele saak van die kindernagmaalvoorstanders berus dus op hierdie twee oortuigings.

20. Al twee hierdie oortuigings is deur die Hervorming as dwalings verwerp.

**HOE GAAN HULLE DIT TOEPAS.**

21. Die kerkraad word heeltemal ontvoog in die kindernagmaal. Dit is nie meer die kerkraad wat besluit nie, maar ouers. Die ouers gee nie voorstelle of selfs nie eers kennis aan die kerkraad nie. Ouers word gevolmagtig om te besluit of kinders nagmaal kan gebruik.

22. Ouers word weer ontvoog met belydenis van geloof. Hier het die ouers weer geen sê nie. Nou kan die kerkraad weer besluit of kinders wat al van kleinsaf die nagmaal gebruik, belydenis van geloof mag doen of nie.

**WAT IS DIE SAAK WAAROOR DIT NOU EINTLIK GAAN?**

23. Geen lidmaat sal sin kan maak van die kindernagmaal as hy kyk na die feite oor die Hervorming, die standpunte wat ons tot nou toe nog gehad het en selfs die standpunte van die voorstanders van die kindernagmaal nie.

Ironies is dat die twee standpunte vir kindernagmaal heeltemal teenstrydig met mekaar is: hoe kan die Bybel leer dat 'n kind toegang het tot die nagmaal op grond van God se verbond, sonder enige voorwaarde deur God, net soos met die doop, maar aan die anderkant weer 'n "eksistensiële geloof "leer waaraan die kinders eers weer getoets moet word.

Hierdie teenstrydigheid het al klaar in die sinode sitting-uitgeslaan. Die geleerdes het die tweede standpunt van 'n kinderlike geloof voorgestaan, maar die sinodegangers het gestem vir geen ouderdom vir keuring nie, wat in effek die eerste standpunt is. Daarmee het 'n groot deel van die geleerdes se versekering dat ons nie die suigelingnagmaal voorstaan nie, maar 'n kinderlike geloofsnagmaal, verval.

**DIE DRYFKRAG VIR KINDERNAGMAAL: 'N VISIE VIR GESINSGODSDIENS-TIGHEID EN HUISGODSDIENS DEUR GESINNE.**

24. Die regte dryfkrag vir die kindernagmaal is die **visie** wat die voorstanders het, nie hulle geloofsoortuigings oor die nagmaal nie.

Die belangrikste belydenis van die kerk oor die nagmaal: hoe eet en drink ŉ mens die liggaam en bloed van Jesus Christus is nie deur een kerklike vergadering of studiestuk behandel nie.

Die geloofsbelydenis van die kerk oor hoe ŉ mens Christus reg eet en drink is dat ons sy menslike liggaam van vleis en bloed in die hemel vandag sien as die bron van ons saligheid en dat ons ons eenheid met Hom as mens in die hemel deur die krag van die Heilige Gees aanvaar as die band waarin ons in sy lyding, sterwe en opstanding deel. Wie nie hierdie geloof in die nagmaal het nie, eet en drink die nagmaal onwaardig.

Hierdie wyse van Christus eet, is ons kerk se belydenis oor hoe die nagmaal reg gebruik word. Hierdie geloofsinhoud is net nooit aan die orde gestel nie.

Die rede daarvoor is dat die voorstanders van die kindernagmaal gewoon net nie belangstel in wat die inhoud van die nagmaal is nie. Die nagmaal is by hulle net ŉ middel tot ŉ doel:

**die belewenis van ŉ gesinsgodsdienstigheid in die erediens as basis vir ŉ herlewing van ŉ gesinsgodsdiens.**

25. Hoe lyk hulle hierdie visie wat hulle vir die kerk koester en waarin die nagmaal net ŉ hulpmiddel gaan word?

Hulle visualiseer gesinsmaaltye.

Hulle sien dat dit nou ŉ gesinsfees gaan wees waarin ouers en kinders saam hulle godsdienstigheid as gesin in die nagmaal gaan belewe.

Hierdie gesinsfees moet die magsbasis vorm vir ŉ oplewing in gesinsgodsdiens. Hulle sien dat ouers nou met hulle kinders moet praat oor Jesus – want hoe anders kan hulle besluit of hulle kinders die nagmaal kan gebruik of nie?

Hulle sien hoe ouers toerustingskursusse gaan bywoon om geskool te word hoe hulle hul kinders na Jesus toe moet lei – onthou, die kerk kan nie meer kinders na Jesus lei deur katkisasie nie, die kerkraad het nie meer ŉ sê nie! Hoe kan die kerkraad kinders van 2, 3, 4, en 5 jaar bereik om te lei voor die nagmaal? Ouers gaan nou self hulle kinders na die Here lei en besluit of die kinders nagmaal kan gebruik of nie. Hulle sien dat ouers nou van kleinsaf hulle kinders moet leer en vertel hoekom hulle die nagmaal mag gebruik, of nie.

Kortom: die voorstanders sien die kindernagmaal as ŉ middel vir ŉ godsdienstige herlewing!

Die enigste “kinderlike” geloof wat ouers van seker kan wees om hulle kinders te toets – is of liewe Jesus in hulle hartjies is, hulle liewe Jesus lief het, hulle hul sondes bely het en jammer is dat hulle stout is.

Kinders gaan aan niks anders as hulle afhanklikheid en inskiklikheid deur hulle ouers getoets kan word as kinders wat ŉ onverstaanbare, onverantwoordbare belewenis van Jesus het nie.

Die visie is om die nagmaal as ŉ middel vir hierdie bygelowige godsdienstigheid te gebruik waarin kinders nou van kleinsaf gekonfronteer gaan word om te bewys of hulle kindertjies van liewe Jesus is of nie en of hulle dit beleef of nie.

Kinders sal nooit weer kinders kan wees nie.

Hulle sal al reeds van 2, 3, 4, en 5 jaar hulle self as "eksistensiële gelowiges" teenoor hulle ouers moet kan bewys, anders gaan die ouers hulle weghou van die nagmaal wat die ander kinders kan gebruik. Aan die anderkant gaan kinders van 2, 3, 4, 5 en meer aan ŉ skoolse "opvoeding" blootgestel word waarin hy die hele tyd geleer word hoekom doen hy wat hy doen.

Van ŉ onbevange kind wees binne God se genade is daar nie meer sprake nie. Die kinders sal hulle self nou deur die druk van die nagmaal moet bewys as deel van die godsdienstigheid van die gesin wat deur die pa en ma gereël en bestuur word.

Wat gevisualiseer word maar stil-stil verswyg word, is ouers wat bemagtig is om kinders na wille keur onder sensuur te sit. Indien ouers bemagtig word om te besluit van wanneer af ŉ kind nagmaal mag gebruik, dan is hulle ook bemagtig om te besluit dat kinders nie die nagmaal mag gebruik nie, sou die ouers so wil besluit.

Om te wil beweer dat kinders van 2, 3, 4, 5, 6 en 7 toegelaat mag word maar nie so kan sondig dat hulle ook geweier mag word nie, is absurd.

**'N KEUSE VIR 'N VISIE!**

26. Wat is die kerkraad en lidmate se posisie binne hierdie beweging?

Die posisie waarbinne kerkrade en lidmate hulle bevind is dat hulle onderwerp word aan ŉ visie van gesinsgodsdienstigheid wat moet opleef en herleef deur middel van die nagmaal as instrument.

Dit is ons werklike posisie.

Die druk vir kindernagmaal is nie ŉ oop gesprek waarin ons moet besin oor of ons deel wil wees en bly van die geloofsoortuigings van die Hervorming nie. Die versprei van wanpersepsies deur die sinodes bevestig dat ons juis nie ŉ keuse gegun word oor geloofsoortuigings nie. Daar is geen lidmaat of kerkraad wat vir kindernagmaal kies met die bewustheid dat ons nou breek met die inhoud van die Hervorming se geloofsoortuigings nie.

Ook die teenstrydigheid in die voorstanders se eie beginsels bevestig dat hierdie nie ŉ oop gesprek is waarin beginsels getoets word aan die Skrif nie. Hoe kan ŉ mens glo dit is ŉ beginselsaak as kindernagmaal gemotiveer word deur ŉ verbond waarin God self geen voorwaardes stel nie en terselfde tyd ŉ toelating van ouers verwag teenoor die vrye toelating deur God moet besluit of hulle kinders al "eksistensieel" glo of nie?

27. Word ons aan die visie onderwerp?
Die antwoord is ja. ’n Visie binne die kerk is en behoort geen afdwingbare saak te wees nie. As lidmate ’n visie het vir ’n saak moet hulle aan ander die vryheid gun om nie hulle visie te hoef te deel nie. So was dit nog altyd binne die kerk. Dit het nou egter drasties verander. Hierdie groep wat ’n visie vir die herlewing van gesinsgodsdienstigheid het, het die nagmaal deel van die bemagtiging en uitvoering van hulle visie gemaak.

Die nagmaal is geen saak vir visies en missies nie. Dit is ’n genademiddel in die hand van die Here waaroor kerkrade moet toesig hou.

Indien ons as kerkraad toelaat dat die nagmaal vir hierdie visie gebruik word, is ons en al ons lidmate gebind om ons aan hierdie visie te onderwerp. Indien ons dit nie doen nie, sal ons deur die Ned. Geref. Kerk geoordeel en behandel word as mense wat dwaal. Hierdie was al reeds ’n vaste houding van lede van die ad-hoc kommissie van Noord Transvaal.

Predikante en lidmate sal aanvanklik verdra en geduld word as mense wat dwaal totdat die herlewing so breed gevestig is dat daar teen hulle wat nie met hierdie visie saamgaan nie, opgetree kan word.

28. Daarom sal die kerkraad en lidmate van Levubu moet besluit of hulle:

a. hierdie visie van ’n herlewing van gesinsgodsdienstigheid met die ouers as aanvoerders en toesighouers met die sinode deel,

b. gaan afstand doen van die toesig oor die nagmaal en ouers t.o.v. hulle kinders
teenoor die kerkraad gaan bemagtig,

c. die nagmaal aan hierdie gesinsgodsdienstigheid gedienstig gaan maak.

29. Deur hieroor ’n definitiewe standpunt en besluit in te neem sal die kerkraad:

a. homself die keusereg voorbehou om met hierdie visie saam te gaan of nie.

b. die pretensie dat die kerkraad en sy lidmate gedwing kan word om hulle aan hierdie visie gedienstig te maak, hetsy deur hierdie visie as geloofsoortuiging voor te hou hetsy dit as ’n eenvormige beleid af te dwing, betwis.

c. homself die reg voor behou om ’n ander visie oor hierdie gewaande gesinsgodsdienstigheid te mag handhaaf sonder dat dit aan die kerkraad of enige lidmaat die status gee dat hulle nou in die geloof dwaal, van die belydenisse van die Ned. Geref. Kerk afwyk of deur meerderheidsbesluite gedwing kan word om hulle aan hierdie visie gedienstig te maak.

**‘N ANDER VISIE OOR HIERDIE BEWEGING VIR ‘N GESINSGODSDIENSTIGHEID: “LAAT ONS KINDERS, ONBEVANGE KINDERS VAN GOD WEES ”**

30. ’n Voorbeeld van ’n visie wat misluk het, is die visie van die AJK met die nuwe st. 9 kategese handboek. Hulle het weggedoen met die belydenisskrifte vir die finalejaars en ’n geselsboekie saamgestel. Met verskriklike entoesiasme en mooi verduidelikings het hulle hierdie nuwe weg binne die Ned. Geref. Kerk voorgehou. Dowe ore is gehou vir die kritiek dat hulle visie nie kan werk nie en daar is geskimp dat kerkrade hulle moet onderwerp aan die leerstof van die kerk.

Wat het gebeur?

Ons het nie hulle visie gedeel nie en ’n eie leerplan met die geloofsinhoude van die kerk vir ons kinders opgestel. Op daardie tydstip was dit in weerwil van die dreigement dat ons die AJK se boek moet gebruik.

Vandag het selfs die vurigste voorstanders van die boek ander materiaal gaan soek en is die leerplan is redelike chaos, al wil die AJK dit nie openlik erken nie.

Dit is wat met hierdie visie van die herlewing van gesinsgodsdiens rondom die kindernagmaal gaan gebeur: dit gaan gewoon net nie werk nie en almal wat daarin gaan meedoen gaan in ’n wanorde en ligsinnigheid met die geloofsinhoude van die kerk verval.

Watter ouers gaan hulle bevoeg voel om vir hulle kinders te besluit of hulle ’n “eksistensiële” geloof het? Onthou – dit is ’n tipe geloof wat ’n kind glo wat hy nie kan verantwoord of verduidelik nie.

Die kerk sal antwoord met ’n groot skolingspoging van ouers: bybelstudiekursusse, kongresse en toerustingsprogramme – wat wie gaan bywoon? Die hele gemeente? Dit is ’n droom!

Die ouers wat nie hulle kinders kerk toe laat kom nie, nie Sondagskool toe laat kom nie, nie kursusse gaan bywoon nie, gaan hulle hul kinders verbied, as anders mense se kinders dit gebruik?

Hoe lank gaan dit ’n innige belewenis wees om in sale as gesinne om tafels nagmaal te hou? Herlewings gaan vinniger weg as wat hulle kom! Hoe werklik is hierdie gesinsgodsdientigheid binne die gewone sosiale lewe van gesinne?

Die enigste groep binne die Ned. Geref. Kerk wat hulle self sal kan tuis voel is ouers wat hulle eie bekeringsvroomheid op hulle kinders sal wil afdwing of hulleself as godsdienstige rolmodelle van identifikasie met Jesus vir hulle kinders sien.

Kinders gaan nou deur die kerk uitgelewer word om deur die ouers gekonfronteer te word of hulle al regtig bekeerd, wedergebore en geesvervulde Christene is. Anders as wat verwag word, sal die gemiddelde normale kind hierteen rebelleer! Van ’n gesinsgodsdientigheid sal net in huise sprake wees waar daar absolute outoritêre gesag is, soos in die Pinksterbygeloof binne die kerk.

Die sin van kategese en openbare belydenis aflegging sal deur die kerk met onsamehangende toelogismes verduidelik word wat geen gewone mens ooit mooi sal kan begryp nie en mense gaan hulle nie aanmeld vir so tweede onverstaanbare belydenis nie.

Is hierdie visie vergesog? Dit is al die werklike probleme waarmee die Gereformeerde kerk in Nederland worstel!

31. Deur ʼn keuse uit te oefen of die kerkraad hom aan die visie van die sinodes wil onderwerp, behou die kerkraad homself die reg voor om nie deel van hierdie wanorde en geloofsverwarring te word nie.

**DIE HANTERING VAN ‘N STANDPUNT TEEN DIE VAN DIE ALGEMENE SINODE EN STREEKSINODE.**

32. Is die keuse om ʼn ander visie te hê oor gesinsgodsdienstigheid en die gebruik van die nagmaal vir hierdie visie – ʼn breuk met die Ned. Geref. Kerk?

Dit is nie. Die teendeel is waar. Indien die gemeente homself steeds kan handhaaf binne die wanorde wat in andere gemeentes gaan ontwikkel, sal hierdie standpunt weer ʼn anker word vir lidmate binne die Ned. Geref. Kerk wat nie ligsinnig oor die godsdiens kan of wil wees nie.

33. Die bestuur van hierdie verskil in standpunt sal die kerkraad op so wyse moet doen, dat dit die lidmate opbou in hulle geloof en sterk om steeds aktiewe lidmate van die gemeente te wees. Die kerkraad sal sy lidmate moet saamneem deur oortuiging, nie deur intimidasie of eensydigheid soos wat die sinodes met ons gedoen het nie. Die verskil moet op so wyse wees dat ons nie meerdere vergaderings se gesag betwis of ondermyn nie, maar hulle verkeerde uitoefening daarvan teenstaan. Anders sal ons ons eie gesag ook ondermyn.

34. Om sy doelwit te bereik om na 5 na 10 jaar ʼn anker van ware geloof te wees vir lidmate binne die voorsiene verwarring en ligsinnigheid, sal die kerkraad moet besluit oor die volgende sake:

1. Die aanstel van regsadviseurs om die kerkraad voordurend te lei om binne die eie kerkreg en die gemene reg sy eie standpunt te kan verdedig.

2. Die skep van ʼn fonds waar landswyd donasies ontvang kan word om die standpunt van die kerkraad en gemeente openbaar te kan maak.

3. Die doelbewuste aanvoer van die standpunt van die gemeente in die kerklike en openbare media.

4. Die volgehoue poging om debat te kan voer d.m.v. sprekers en kongresse.

5. Die inlig en voorlig van eie lidmate.

6. Die uitbou van die huidige kategese leerplan om kinders op te voed in die geloofsoortuigings van die nagmaal volgens Heid.Kat. 76.

7. Skakeling met so veel as moontlik kerkrade, gemeentes, lidmate en leraars binne die Ned. Geref. Kerk wat ons standpunt deel sowel as met ander kerk binne en buitelands.